
FABEL RETIEF
DIE VERMISTE MEISIE
MEIRING FOUCHÉ

MAAK kennis met Fabel Retief, kranige held in 'n nuwe reeks avontuurverhale wat deur *Pronkboeke* aangebied word!

Die skepper van Fabel Retief is die vaardige skrywer van avontuurverhale, Meiring Fouché wat al soveel genot verskaf het met sy Swart Luiperd, Sahara-reeks, Maagd van die See en so meer.

Fabel Retief het sy bynaam verwerf deur die fabelagtige bekwaamheid waarmee hy die ingewikkeldste sake opgelos het toe hy nog in die Suid-Afrikaanse Speurdiens was.

Nou het hy afgetree om op sy familie-erfplaas te gaan boer, maar sy verlede wil hom maar nie met rus laat nie. Die geval van *Die Vermiste Meisie* lei hom na 'n avontuur wat hoë eise stel aan sy reputasie as 'n speurder wat fyn kan dink en vinnig kan handel.

Fabel Retief

# DIE VERMISTE MEISIE

*deur*

Meiring Fouché

*Uitgegee deur*

**PRONKBOEKE**

**POSBUS 972, JOHANNESBURG**

**1961**

## INHOUD


| *Hoofstuk* | *Bladsy* |
|---|---|
| 1. Rita Grimbeeck ... ... ... ... | 5 |
| 2. Oosterse Dans ... ... ... ... ... | 13 |
| 3. Die Donker Vrou ... ... ... ... | 23 |
| 4. Geboë Mannetjie ... ... ... ... | 33 |
| 5. Die Dolfyn—Jidda ... ... ... ... | 44 |
| 6. Die Voëltjie Vlieg ... ... ... ... | 56 |
| 7. Naald in 'n Hooimied ... ... ... ... | 67 |
| 8. John Carlton ... ... ... ... ... | 79 |
| 9. Flits in die Donker ... ... ... ... | 91 |
| 10. Laaste Ronde ... ... ... ... ... | 100 |


Hoofstuk 1

## RITA GRIMBEECK

OP die breë stoep van sy sierlike woonhuis tussen die groen weelde van die Transvaalse Laeveld kyk Fabel Retief nog 'n maal vlugtig na die foto van die meisie op die voorblad van die oggendkoerant. Toe draai hy die koerant om en kyk na die sportverslag op die agterbladsy.

Maar asof 'n geheime stem tot hom spreek, gaan Fabel terug na die voorblad en kyk weer eens na die glimlaggende meisie. Hy het haar naam al weer vergeet. Rita Grimbeeck —dit is haar naam. 'n Eenvoudige Boerenaam. Niks besonders daaraan nie. En tog is daar iets besonders aan daardie meisie. Hy hou van haar glimlag, van haar helder oë en van die kuiltjies op haar wange. Sy het 'n pragtig besneë gesig en klaarblyklik is haar hare raafswart. Allesins 'n treffende meisie wat so vrolik hier uit die voorblad van die oggendkoerant teenoor hom glimlag.

„Waarom sou so 'n aantreklike meisie nou juis vermis word?" dink Fabel Retief. Dit is immers wat daar geskryf staan. Mejuffrou Rita Grimbeeck het op onverklaarbare wyse en heeltemal onverwags verdwyn van haar woonplek af in Johannesburg. Geen taal of tyding is nog weer van haar ontvang nie. Daar is geen idee wat van haar kon geword het nie . . . En dan volg die besonderhede waaraan Fabel Retief so gewoond is. Omtrent vyf voet tien duim lank, ouderdom twintig jaar oud, ligblou oë, pikswart hare.

'n Oomblik frons Fabel Retief en sy gedagtes neem die loop, maar toe bedwing hy homself dadelik. „Daardie tyd is verby, ou kêrel," sê hy vir homself in sy gemoed. Dit is by hom byna tweede natuur om oor 'n geval soos hierdie te begin nadink. Daarom dat hy homself gou genoeg beteuel. Hy het finaal afskeid geneem van die Suid-Afrikaanse Speurdiens toe hy hom twee jaar gelede hier op Saffier kom vestig het. Hy het van sy kollegas afskeid geneem; hy het van sy werkkring afskeid geneem en hy probeer nou al twee jaar lank om ook van sy beroep as oud-speurder afskeid te neem. Toe sy vader twee jaar gelede oorlede is, het Fabel Retief teruggekom na die ou plaas om dit voort te sit soos sy vader graag wou gehad het. Vir hom is daar nou geen terugkeer weer na die ou paaie van die speurdiens nie.

Hy stoot sy vingers deur sy donker hare wat enigsins kort geknip is en hy kyk oor sy vrugbare boorde en landerye weg na die sagte purper van 'n ver berg. En terwyl hy so kyk, betrap hy homself dat hy weer dink aan die omstandighede van Rita Grimbeeck.

Wat sou daar in die oë van die meisie wees wat sy gees gevange hou? En waarom sou sy verdwyn het?

Hy gooi die koerant opsy, staan op uit sy stoepstoel en stap die huis binne. Sy liggaam is nie besonder lank nie en ook nie kort nie. Dit is middelmatig gebou en baie stewig hoewel hy die indruk gee dat hy aan die skraal kant is. Hy beweeg met 'n byna sluipende beweging—sag en tog snel. Hy het 'n mooi nek, en sy oë is wynbruin. Sy skouers is hoekig hoewel nie besonder prominent nie.

By enige vreemdeling wat Fabel Retief die eerste maal raaksien, wek hy die indruk van 'n onverwagte dog gedisiplineerde krag in daardie stewige goedgeboude liggaam van hom. En die man wat in sy oë kyk, bemerk dadelik dat



hy 'n wakker kêrel is. 'n Intelligente man, 'n helder kop, soos sy kollegas in die speurdiens altyd vir hom gesê het.

Toe Fabel Retief die rustige, ruim voorhuis binnestap, reguit na die drankbuffet en vir hom 'n glasie sjerrie inskink, voel hy vir die soveelste maal die ou heimwee in hom terugkeer. Die verlange terug na die dae wat verby is, toe hy op die pad van gevaar gewandel het, op die pad van misterie; die pad van moord en misdaad. Sy heimwee verdiep toe hy dink aan sy bynaam—Fabel. Eintlik is sy naam Francois, maar daar is weinig mense wat selfs weet wat sy regte voornaam is. Vir almal is hy Fabel. En daarvoor is daar 'n besliste rede. Daardie bynaam het hy gekry by sy kollegas omdat hy misdaadgeheime so snel, so indringend en so onverbiddelik kon oplos. Na sy derde moord ondersoek in die speurdiens het iemand hom een oggend as Fabel aangespreek en van daardie oggend af was hy maar Fabel.

Fabel Retief kyk af in die goue drank in die groot ronde glas en 'n oomblik verbeel hy hom dat die oë van mejuffrou Rita Grimbeeck, 'n wildvreemde nooi, uit die vonkelende vog na hom opstaar sodat hy sy oë vinnig sluit en 'n slukkie van die sjerrie neem. Toe stap hy terug na die stoep en gaan drink sy sopie klaar.

En toe hy daarmee klaar is kom roep die ou bediende hom om te kom eet.

Fabel Retief eet alleen want hy is alleen in die groot huis. Hy is 'n gelukkige vrygesel. 'n Baie gesogte vrygesel. Hy het daardie interessante stadium bereik waar die man uit sy jeug oorstap in die volwassenheid, daardie stadium waar hy rypheid bereik en tog nog die aantreklikheid en die stewigheid van die jeug oorgehou het.

Ondanks sy vyf-en-dertig jaar, het Fabel Retief nog nooit werklik ernstig met 'n meisie deurmekaar geraak nie. Hy

is 'n kieskeurige man wat sy vereistes hoog stel en hoewel 'n hele aantal aantreklike asters al hul flikkers vir hom gegooi het, het hy die hoek nog nooit gesluk nie. Nog nie een van hulle het volkome aan sy vereistes voldoen nie.

Fabel het skaars by die groot mahoniehouttafel gaan aansit, toe daar op die voordeur geklop word. Die ou Zoeloe gaan maak die voordeur oop en 'n oomblik verbeel Fabel hom dat hy 'n bekende stem gehoor het.

Hy hoor 'n voetstap in die portaal. Toe staan hy op en draai hom om.

Sy bruin oë verhelder, 'n oomblik is daar spanning in sy liggaam toe hy die man daar sien staan wat so nat uit die reën binnegekom het.

„Hallo, Fabel!"

„Maar, ou Valk!" roep Fabel Retief uit. „Waar op die aarde kom jý vandaan?"

Kaptein Teunis Maré, van die Suid-Afrikaanse Speurdiens, ruk sy reënjas af, pluk sy hoed van sy kop af en toe stap hy en Fabel mekaar tegemoet. Hulle groet hartlik want dit is al seker meer as 'n jaar wat hulle mekaar laas gesien het.

„Maar, ou Valk," sê Fabel weer, „wat 'n verskriklike verrassing om jou te sien! Kom binne. Kom eet 'n stukkie saam."

Teunis Maré staan 'n oomblikkie glimlaggend na sy ou vriend en kyk. „Ek dink ek moet ook maar kom boer," sê Teunis. „Jy lyk uitstekend, man. Beter as wat ek jou nog ooit gesien het."

„Die plaaslewe akkordeer met my, ou Valk," sê Fabel. „Dit is 'n heerlike lewe."

Hy neem vir Teunis die eetkamer binne. „Wil jy eers gou gaan was?" vra hy.

„Nee, wat, dankie," antwoord kaptein Teunis Maré. „Ek dink ek is nog skoon genoeg."



„'n Whisky?" vra Fabel.

„Dit sal lekker smaak," antwoord Maré. „Ek het swaar gery in die reën."

Fabel beduie vir die ou Zoeloe om nog vir een tafel te dek en onderwyl hy daarmee besig is, gaan sit Fabel en Teunis op twee stoele.

„En wat waai joú hier uit, Valk?" vra Fabel.

Teunis Maré neem 'n slukkie van die whisky en toe kyk hy betekenisvol na sy oud-kollega.

„Het jy vandag se oggendkoerant gelees?" vra kaptein Teunis Maré. „Of is jy so behep met jou papajas, jou lemoene en jou piesangs dat jy nie meer in die alledaagse nuus belangstel nie?"

„O, nee," antwoord Fabel, „ek het die môrekoerant gelees."

„Ek veronderstel jy het iets gesien van mejuffrou Rita Grimbeeck wat vermis word? Of interesseer sulke dinge jou nie meer noudat jy nie meer in die speurdiens is nie?"

„Ek het dit gelees, ja," sê Fabel. „Daar is iets . . . daar is iets interessants aan die meisie. Selfs uit die foto spreek iets tot 'n mens, nie waar nie?"

„Sy is aantreklik," antwoord Teunis. „Dit wil ek toegee."

„Dit is nie wat ek bedoel nie, Valk. Ek bedoel dat daar iets in haar persoonlikheid is wat 'n mens se gees gevange hou. Sy is, wat my betref, nie sommer 'n gewone meisie nie. Sy het persoonlikheid."

„Dit is so," antwoord Maré en sluk weer aan sy whisky. „'n Eienaardige geval," sê hy. „Sy is sommer so tussen neus en oë weg. Spoorloos verdwyn soos die spreekwoordelike groot speld."

„Wat is dan so besonders daaraan?" vra Fabel. „Jong mense verdwyn elke dag. Dalk het sy besluit om in Durban te gaan vakansie hou."

„Nee," sê Maré, „so eenvoudig is dit nie. Soos jy gesê het, sy is 'n meisie met persoonlikheid. Sy is nie sommer net een van hierdie opstandige tienderjariges nie. Sy is baie geheg aan haar moeder byvoorbeeld."

„En haar moeder weet niks?" vra Fabel.

„Nee, sover ek weet, weet haar ou moeder niks," antwoord Maré. „Ek is nou juis op pad na haar toe. Sy woon op Tamboekiekloof omtrent sestig myl hiervandaan."

„Ag so," sê Fabel enigsins verbaas. „Sy woon hier in my omgewing?"

„Dit is reg. Tamboekiekloof. Ek het kom hoor of jy nie wil saamry nie, Fabel."

Fabel se hand verstyf om die glas. „Moet my nou nie in versoeking stel nie, Valk," sê hy. „Jy weet ek verlang baie dae terug na die ou paaie. Hier is ek uiters suksesvol. Ek boer lekker en ek vaar goed, maar ek mis darem maar die opwinding, die gevaar en die ou dinkprosesse wat so eie is aan die speurder."

„Jy kan gerus maar saamry, ou kêrel," sê Valk. „Om die waarheid te sê, sal ek graag jou raad wil hê in hierdie saak."

„Nee, wat," antwoord Fabel onmiddellik, „moet my dit nie vra nie."

„Moenie nou so stroom-op wees nie," sê Teunis Maré. „Ek weet jy verlang dikwels terug na die speurdiens. Hierdie saak kan jy gerus maar saam met my oplos. Sonder betaling natuurlik." Teunis glimlag en toe Fabel na sy ou maat kyk, kan hy nie help om terug te glimlag nie.

„Dink jy nie dit sal interessant wees om so 'n tergende ding soos hierdie vir tydverkorting op te los nie?" vra Teunis.

„Miskien . . . miskien," sê Fabel. „Kom ons gaan eet."

Hulle begin gesels oor die ou dae en Fabel vra uit oor sy oud-kollegas. Valk, soos kaptein Teunis Maré onder sy



vriende bekend is, vertel van die wedervaringe van die meeste manne in Marshallplein.

„Verlang jy nie party dae terug nie?" vra hy vir Fabel.

„Nogal," antwoord Fabel. „Af en toe kry ek weer lus om 'n lekker saak aan te pak."

„Nou goed," sê Valk Maré, „ry dan saam met my na Tamboekiekloof."

Fabel Retief draai die glas ingedagte tussen sy vingers rond.

„Jy vra my 'n moeilike vraag, ou Valk," sê hy. „Hier op die plaas is allerhande dinge wat aandag nodig het en ek gaan nie graag hier weg as ek dit kan help nie.

„Dit is nie dat ek nie belangstel nie, maar ek wil jou reguit sê dat ek nie iets wil aanpak tensy dit iets werklik interessants is nie. Nie omdat ek die indruk wil gee dat ek verwaand is nie, maar jy kan begryp dat ek my werksaamhede hier op die plaas nie wil onderbreek en dit ter wille van 'n doodgewone sakie nie."

Toe kyk hy aandagtig na Valk. „Dink jy daar is iets besonders aan hierdie geval? Hierdie verdwyning van 'n meisie? Dit gebeur byna elke week dat die een of ander jongmens verdwyn en dan word hulle maar tog vroeër of later opgespoor. Is dit nie maar weer 'n geval dat die meisie 'n gier gekry het of dat sy publisiteit soek nie? Het sy nie maar lus gekry om die een of ander avontuur aan te pak nie?"

Valk Maré kyk in die drank in sy glas af. 'n Hele rukkie sit hy swygsaam so. „Dit is baie moeilik om te sê, Fabel," antwoord hy eindelik. „Maar ek het die eienaardigste gevoel omtrent hierdie geval. Ek het die indruk dat dit iets besonders is, iets anders en iets buitengewoons. Dit is heeltemal waar dat baie tienderjariges sommer spoorloos verdwyn. Ons het vandeesweek nog 'n geval gehad van 'n jong seun wat